JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

Junie 2015

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.

VRAAGNOMMER		VRAAG	PUNTE	BLADSY
1.	**Die werksmanne van Slovoville**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**4**
		EN		
2.	**Violetta**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**5**

AFDELING A: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.

VRAAGNOMMER		VRAAG	PUNTE	BLADSY
3.	**My siel Pa**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**7**
		EN		
4.	**‘n klein beriggie**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**9**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die werksmanne van Slovoville* – Johnny Masilela**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Skynbaar onbewus van die versengende hitte het die mans opgedaag met baadjies en die vrouens met komberse oor hul skouers - so sterk was die invloed van die vergeleë stamlande se tradisies nog.
Nou sit die manne van Slovoville rustig en luister, knieë opgetrek. Party krap in die harde grond rond met droë stokkies. Die vrouens luister ook, hul bene uitgestrek in die stof. Hulle luister almal aandagtig na die spreker, Jeremiah Vimbi, hy met die groot gate in sy oorlelle en 'n stem soos die gerammel van veraf donder. Hy probeer die mense oorreed om ernstig te dink oor die bou van ‘n skool vir ons, die kinders van Slovoville.
“Een rand ... twee rand ... Geen bedrag is te groot of te klein nie,” sê Jeremiah Vimbi vir die mense terwyl die hoed die ronde doen. Byna almal gooi iets daarin.
Daarna begin die mense koukus oor hoe die geld aangewend gaan word. Iemand steek sy hand op en stel voor dat die geld gebruik word om boumateriaal te koop, “en rooi bakstene wat net so mooi soos die van die steenhuise is”.
“Daar’s geen manier waarop die bietjie geld wat ons hier gekollekteer het, vir bakstene kan betaal nie,” waarsku Jeremiah Vimbi.
“Daar’s ‘n fabriek wat gebruikte oliedromme verkoop. Ons kan met die geld dromme koop wat ons kan oopsny en platslaan vir sinkplate.

1.1. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (1.1.1.-1.1.3.) neer.

Volgens reëls 1 tot 4 was dit ‘n baie 1.1.1.(koue/warm) dag en die 1.1.2.(kinders/volwassenes) het tradisionele klere gedra soos dit hoort met die tipe vergadering omdat hulle 1.2.3. (dit volgens hulle tradisionele wette vereis word/hulle baie koud gekry het), 3

1.2. Hoekom sou die bietjie geld wat hulle by die vergadering gekollekteer het nie genoeg wees vir bakstene nie? Gee twee feite. 2

1.3. Wat sou hulle met oliedromme doen sodat hulle dit as sinkplate kon gebruik om die klaskamers te bou? Gee TWEE feite. 1

1.4. Wie het die verteller se oupa gesê gaan die oliedromme in sinkplate omskep toe die ouers daaroor gevra het? Gee twee feite. 2

1.5. Wat sê die verteller se oupa is die verskil van hoe die mense grafte grawe in sy tuisdorp en in Slovoville? Gee twee feite. 2

1.6. Hoe het die gemeenskap van Sovoville die swaar boumateriaal by die bouplek gekry? 1

1.7. Noem een ander tipe boumateriaal, behalwe die oliedromme, wat die gemeenskap van Slovoville bymekaar gemaak het om die skool te kon bou. 1

1.8. Teen sononder begin die gemeenskap van Sovoville alles oppak.

2.8.1. Wat doen die vrouens met hulle kookgereedskap? 1

2.8.2. Wat doen die mans met hulle gereedskap? 1

2.8.3. Waarin was die mans hulleself? 1

1.9. Hoekom was dit vir die gemeenskap van Slovoville belangrik om ‘n skool te bou? 1

1.10. Wat het gebeur sodat die bou van skool skielik moes stop? 1

[17]

EN

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Voiletta – Ria Smuts

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Toe ons voor die klaskamer in 'n ry staan, vra ek vir Hester oor my skouer wat is vry. Ons mag nie praat nie, so ek maak of ek my oor krap.
“Hande vashou,” fluister sy in my nek.
Ek hoor sommer sy weet ook nie regtig nie. Sy het net 'n jonger boetie.
By die huis kyk ek in 'n woordeboek. Dis 'n oue; my pa het die nuwe kantoor toe geneem.
Vry, lees ek, is *flirt, court. Flirt* ken ek. Dit is sommer net ogies maak' soos die meisies maak met die nuwe seun in graad sewe, die een met die groen kleurbaadjie van Wonderboom-Suid. By *court* staan: to *engage in social activities leading to engagement and mating.* Ek weet goed wat *engagement* beteken en ek is ook seker dat meneer Steyn nie meer kan *engaged* raak nie, want hy is getroud. *Mating* is eintlik die probleem, want die woordeboek se *mate* is *equal, match.* En daarna gee hy net *maté* wat 'n Suid-Amerikaanse drank is. En nie een van die dinge is tog iets waaroor Sannie se suster sou omgee nie.
My ma is in haar slaapkamer besig om 'n rok se soom in te sit. "Wat beteken *mating?"* vra ek sommer so om die deur.
Sy kyk na my met 'n mond vol spelde. Een vir een haal sy hulle uit. “Dis paar, soos voëls en diere maak. En dan kry die wyfie kleintjies.

2.1. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (2.1.1.-2.1.2.)en die antwoord neer.

Die rede waarom die verteller in die bogenoemde uitreksel uit die verhaal probeer uitvind wat “vry” was, was omdat sy toe sy in graad 2.1.1. (drie/vier) was by 2.1.2. (Sannie/Hester) gehoor het dat juffrou Adler en meneer Steyn vry. 2

2.2. Hoekom was dit vir die verteller moeilik om deel te neem aan die skinderstories oor juffrou Adler en meneer Steyn? 1

2.3. Trek die volgende tabel oor in jou boek en sorteer die verskillende ornamente en meubels wat in juffrou Adler en mevrou Steyn se huis is onder elk se naam.

drie porseleineende geel gordyne 'n oosterse mat kussings met groot katte daarop 'n blou glasvaas ‘n donkerbruin bank

Juffrou Adler se huis.	Mevrou Steyn se huis.

6

2.4. Wat het meneer Steyn en juffrou Adler in gemeen gehad wat die verhouding wat hulle blykbaar gehad het kon bewerkstellig? Noem een ding. 1

2.5. Op watter dag van die week het die leerders in die skool musiekwaardering gehad? 1

2.6. Hoekom dink jy moes daar altyd ‘n hele klompie onderwysers toesig hou in die saal gedurende die musiekwaarderingsperiode? 1

2.7. Pas die karakters in Kolm A by hulle reaksie in Kolom B oor die opera *La Traviata* en skryf net die vraagnommer (2.7.1. – 2.7.4.) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
2.7.1.	Bok Brandt.	A	Kyk na mekaar.
2.7.2.	Juffrou Adler.	B	Loop uit die saal uit.
2.7.3.	Die onderywsers.	C	Roer nie.
2.7.4.	Die sportonderwyser.	D	Runnik kliphard.
		E	Lag bulderend.

4

2.8. Wat se presiese stipulasie was in juffrou Adler se testament met betrekking tot die geld wat sy aan liefdadigheid bemaak het en die verteller se dorp? 2

[18]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

M*y siel, Pa* - **Marie van Rensburg**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

My siel, Pa

Hoeveel ekstra vakke Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
Kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, is Pa ooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Marie van Rensburg

3.1. Die pa verwag baie prestasies van die seun.

3.1.1. Noem twee van die prestasies wat die pa van die seun verwag. 2

3.1.2. Hoekom word die atletiekprestasies in reël 7 en 8 in die meervoud geskryf? 1

3.2. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.2.1. – 3.2.4.) en die antwoord neer.

Die vrae wat die seun vir sy pa in die gedig vra is 3.2.1. (direk/retories) omdat daar 3.2.2. (nie 'n antwoord verwag word nie/'n antwoord gegee sal word) en die 3.2.3. (denotatiewe/konnotatiewe) funksie daarvan in die gedig is om aan te dui dat die seun 3.2.4. (nie hou van die druk wat op hom gesit word nie/hou van die druk waaronder hy is). 4

3.3. Haal drie aparte woorde uit strofe 3 aan wat vir ons sê dat die seun rugby speel. 3

3.4. Die seun presteer beter as sy pa op die rugbyveld.

Is die bogenoemde stelling waar of onwaar. Haal een woord aan uit strofe 3 om jou antwoord te bewys. 1

3.5. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.5.) en die letter (A-D) neer.

'n "Turksvy-kind" is 'n kind wat...

A gelukkig is.
B probleme gee.
C van turksvye hou.
D 'n turksvykostuum dra. 1

3.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.6.1. – 3.6.2.) en die antwoord neer.

In strofe 4 se eerste 2 reëls word 'n 3.6.1. (metafoor/vergelyking) gebruik om aan te dui dat die seun 3.6.2. (gelukkig/ongelukkig) is om die heeltyd dieselfde of beter prestasies as sy pa te moet behaal. 2

3.7. Pas die reël uit die gedig in Kolm A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die vraagnommer (3.8.1. – 3.8.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
3.7.1.	Maar my siel, Pa ...	A	Metafoor
3.7.2.	Die prestasies, Pa, al is dit top	B	Ellips
3.7.3.	galgtou oor my kop	C	Vergelyking
		D	Inversie

3

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

'*n klein beriggie* – Vincent Oliphant

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n klein beriggie

op 'n dag het hy sy werk verloor
en toe jy weer hoor
kom vat hulle sy motors meubels huis
hulle het alles kom eis
ook sy laaste bietjie hoop

maar hy't sy skoene deurgeloop
en hom teen mismoed verset
hy wéét mos wat hy in hom het

toe kom die laaste strooi
hy kry haar in 'n ander man se kooi

nou wil ek sy verhaal voltooi
anders bly 'n storie van ons tyd verbloem
agter dit wat 'n klein beriggie noem

dat hy dood gekry is in sy eie bloed
geen misdaad word vermoed

Vincent Oliphant

4.1. Haal drie opeenvolgende woorde aan in strofe een wat vir ons sê dat die spreker nie weet presies wanneer die man sy werk verloor het nie. 1

4.2. Wie is die "hulle" waarna verwys word in strofe een? 1

4.3. Die verteller sê vir ons dat die man alles verloor het.

4.3.1. Noem twee dinge wat die man verloor het wat met geld gekoop kan word. 2

4.3.2. Noem twee dinge wat die man verloor het wat nie met geld gekoop kan word nie. 2

4.4. Wat kan ons aflei uit reël 6 is die rede waarom die man alles verloor het? Gee twee feite. 2

4.5. Hoekom word die verkleiningsvorm “gediggie” in die titel van die gedig gebruik? 1

4.6. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (4.6.1. – 4.6.2.) en die antwoord neer.

Die laaste twee reëls staan bekend as ‘n 4.6.1. (kwatryn / koeplet) en die funksie daarvan is om 4.6.2. (die hele gedig op te som / by die ritme te pas). 2

4.7. Wat kan ons aflei uit die feit dat geen misdaad vermoed word nie volgens reël 15? 1

4.8. Pas die reël uit die gedig in Kolm A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die vraagnommer (4.8.1. – 4.8.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
4.8.1.	maar **hy’t** sy skoene deurgeloop	A	Assonansie
4.8.2.	kom vat hulle **s**y motor**s** meubel**s** hui**s**	B	Enjambement
4.8.3.	hulle het alles kom eis ook sy laaste bietjie hoop	C	Alliterasie
		D	Assimilasie

3

4.9. Hoekom is daar geen leestekens in die gedig nie? 1

4.10. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (4.10.1. – 4.10.2.) en die antwoord neer.

Die toon van die gedig is 4.10.1. (opgewek/depressief) want die tema in die gedig beklemtoon die realiteit van 4.10.2. (werkloosheid/mishandeling). 2

[18]

TOTAAL AFDELING B 35

VRAESTEL TOTAAL 70